

12. Omgeepapier 22 - 27 April 2024

Joh 20:19 - 31. Van twyfel, tot geloof (Hoe om “naby Jesus te bly”)

1. Lees Joh 20: 20 en Joh 20: 26 - 28.

Vraag - Hoe gaan dit met jou / hoe voel jy wanneer jy Jesus in jou lewe “raaksien”, wanneer Hy jou seën met ‘n mooi seën?

2. Lees Joh 20: 24 en 25. Lees ook Psalm 73:13 - 16.

Vraag - Dink aan tye toe jy “vêr” was van die Here, en Jesus nie in jou lewe raakgesien het nie. Hoe het jy toe gevoel / gereageer / teenoor ander rondom jou opgetree?

3. Lees Joh 4:10 en 14; Lees Joh 7:37 - 39; Lees Gal 5:22.

Vraag - Watter “geure van lewende water” kry jy en die mense om jou by jóú wanneer jy naby aan Jesus lewe?

4. Lees Joh 6: 52; dan 53 - 58. Lees Joh 6:68 - 69. Lees Hebr 10: 24 - 25

Vraag - 4a. Wat dink julle beteken dit “om Jesus se liggaam te eet en Sy bloed te drink”? Dink julle daar is ‘n ander manier om die ewige lewe te ervaar?

Vraag 4b. Hoe kan / moet ons ons lewensstyl verander, verbeter, aanpas, sodat ons naby aan Jesus kan bly?

5. **Gebedsversoeke: Vir wie / watter situasie kan ons bid? Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**